*Scriptura 36 (1991), 17-37*

# 'TWAALF HONDERD EN SESTIG DAE' LANK IN DIE KRISIS. OM DIE BOEK OPENBARING TE LEES DEUR 'N NUWE BRIL

Jan A du Rand
Randse Afrikaanse Universiteit

## Abstract

'Twelve Hundred and Sixty Days' in a crisis. Reading Revelation through new glasses

*Recent New Testament research witnesses a growing actuality of the book of Revelation. The applicability of the message of Revelation to the South African situation stems from a new reading of this book. Firstly, it is to be read within a new holistic paradigm, taking into consideration the comprehensive social framework of meaning in a community. Revelation should be read as dramatic narrative in which the reader becomes involved in the performative use of language (parole). And, with that in mind, the structure of Revelation can be compared with a music composition in three acts. The social context and rhetorical situation are functionally reflected in the language which serves as a catharsis in assuring that God is in control of church, cosmos and history.*

## 1. Openbaringsnavorsing - 'n aktuele saak

Die boek Openbaring is 'n krisisgeskrif vanuit en vir 'n krisissituasie en moet ook as sodanig gelees en verstaan word. Dié krisistydperk van beslissing duur simbolies 'twaalf honderd en sestig dae' lank volgens Openbaring 11:3 en 12:6 (vgl 11:11; 13:5). Dit is 'n simboliese toespeling op die tydperk wat die Siriese heerser Antiogus IV Epifanes die Israeliete geteister het (vgl Dan 8:9-14). En in Openbaring het dit spreekwoordelik geword van dié krisistydperk vir die gelowiges en kerk wanneer die allooi van die staal van hulle geloof getoets word. Gedurende die krisistyd kry die boodskap van Openbaring egter ook nuwe en dinamiese betekenis.

In die gees van 'n onlangse konferensie, aangebied deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing oor die kennisbenutting van navorsingsbevindinge

(25-26 April 1990), meen ek dat die resente navorsing oor die boek Openbaring ook van aktuele betekenis is vir die huidige Suid-Afrikaanse situasie.

Dié artikel beoog deelname aan dié navorsingsproses, enersyds deur enkele eie navorsingsbevindinge aan te bied, en andersyds, om as stimulerende sakelys te mag dien vir verdere diepgaande navorsing oor dié besondere boek in die Nuwe Testament.

Die herontdekte aktualiteit van die boek Openbaring hang eerstens saam met die aard van die boodskap van die geskrif self, asook die opborrelende resente navorsing wat vir kerk en Christendom nuwe perspektiewe open en die opflikkering van 'n apokaliptiese ingesteldheid in soveel samelewings. Apokaliptiese denke as ontvlugting vanuit die onmiddellike daaglikse werklikheid tot 'n simboliese denkwêreld, word al hoe meer 'n lewensingesteldheid wat opgemerk word. Dit sal algaande nog duideliker word hoe nader ons aan die eeuwenteling kom!

Ons vind 'n sprekende voorbeeld hiervan in die boek *The trumpet shall sound: A study of 'Cargo' cults in Melanesia* (1968), waarin Peter Worsley vertel van 'n groep eiland-inwoners wat deur verontregting en onderdrukking in 'n toestand van sosiale isolasie beland het. Dit het gelei tot 'n beweging aangespoor deur millenianistiese verwagtings dat hulle huidige toestand in 'n toekomstige orde geheel en al omgekeer sal word. God sal dan hulle reg uitbring deur 'n toekomstige vertikale ingrype.

Die boek Openbaring wil juis só 'n ingesteldheid opvang en temper deur nie net die toekoms in te vlug nie, maar ook die hede te herwaardeer op grond van die Christusgebeure wat vanuit die verlede betekenis gee aan die hede, sowel as sekuriteit vir die toekoms.

Sonder vrese vir teenspraak kan 'n mens die boek Openbaring 'n omstrede geskrif noem. Nie net omdat dit eers na heftige polemiek deur die vroeë kerk in die kanon opgeneem is nie, maar ook omdat die uitleg daarvan só uiteenlopend gedoen is.

Aan die een kant wil die sogenaamde letterlike vertolking betekenis indra wat nie daar staan nie, en aan die ander kant wil die vergeestelikende vertolking betekenis uithaal wat ook nie daar staan nie! Die uiteenlopende benaderings tot die boek Openbaring word die beste saamgevat in twee uitsprake wat nou byna reeds idiomaties geyk is: aan die een kant het Ernst Käsemann beweer dat apokaliptiek die moeder van alle Christelike teologie is (1960:162); die ander uitspraak kom van 'n publikasie deur Klaus Koch met die titel *Ratlos vor der Apokalyptik* (1970). Albei uitsprake, alhoewel in oordrewe vorm, bevat elemente van waarheid wat versigtig gehanteer moet word en net bevestig dat die uitleg van Openbaring 'n moeilike maar dinamiese saak is.

Op populêre vlak is die begrip apokaliptiek geassosieer met fanatiese millenianistiese verwagtinge en gevolglik deur teoloë op 'n afstand gehanteer. Dogmatiese vooraf ingenome hermeneutiese benaderings het die leser gelaat met eensydige interpretasies. En dit het die boek in 'n soort ontoeganklikheid gehul.

Vanuit die hoek van die eerste historiese lesers beskou, is die vraag hoe 'n groep Christene, vervreemd van hulle omgewing, as gevolg van verontregting en vervolging, polities, kultureel, sosiologies en ekonomies aanpas by so 'n

krisissituasie. Met ander woorde, wat is die eksistensiële drakrag van die Christelike geloofsoortuiging in 'n krisissituasie?

In die formulering van 'n hermeneutiese raamwerk as sleutel vir die ontsluiting van die boodskap van Openbaring, maak ek ook gebruik van die toepasbare navorsingswinste uit ander vakdissiplines, soos die filosofie, linguïstiek, literatuurwetenskap, sosiologie, psigologie, geskiedenis, Semitiese en klassieke tale en ook 'n draai by musiek en wiskunde. Op só 'n wyse word navorsing oor Openbaring 'n omvattende avontuur. Ek pleit dus daarvoor dat Openbaring as geheel opnuut, asook op populêre vlak deur leesstrategieë, self tot aktuele spreke moet kom.

## 2. Openbaringsnavorsing in die lig van paradigma-verskuiwings in die wetenskapsdenke

Nuwe-Testamentiese navorsing word nie in 'n geïsoleerde lugleegte beoefen nie. Heersende wêreldbeskouings insake wetenskapsbeoefening het inderdaad die perspektiewe van waaruit dié vakwetenskap beoefen word beïnvloed. Navorsing oor die boek Openbaring toon reeds tendense dat ons 'n nuwe paradigmatiese fase betree.

Ten einde die Openbaringnavorsing in 'n breër perspektief te plaas, word kortliks gelet op die verskillende fases in navorsing op die gebied van die Nuwe-Testamentiese Wetenskap in die algemeen. Die oorsigte daarvan deur A C Outler (1985:281-291) J P Martin (1987:370-385), D McKim (1986) en W S Vorster (1987:374-394) verdien vermelding.

Martin (1987:372) onderskei die volgende drie dominante paradigmas aan die hand van Battista (1982:143-150) se indeling, toegepas op die Bybelwetenskap:

| | Vitalistiese | Meganistiese | Holistiese paradigmas |
|---|---|---|---|
| Parameters: | | | |
| Analise | Metafisies | Reduktivisties | Strukturaal |
| Inter-pretasie | Simbolies | Analities | Holisties |
| Inter-pretasie (gekarakteriseer) | Pre-krities | Krities | Post-krities |

Dié paradigmas oorvleuel en sluit mekaar nie noodwendig net uit nie. Na aanleiding van die tabel is analise volgens die meganistiese paradigma reduktivisties van aard. Dit beteken dat al die klem geplaas word op die uitmekaar haal van die geheel om

die samestellende dele te ontdek. Daarvolgens lê die boodskap van Openbaring in die somtotaal van sy dele. 'n Holistiese paradigma, daarenteen, wil soek na die onderlinge verhoudinge in plaas van 'n atomistiese disseksie van 'n geskrif soos Openbaring. Dit moet egter nie net kwantitatief opgeneem word nie. Die boek Openbaring word intertekstueel as 'n kwalitatiewe apokaliptiese geskrif gesien. Die apokaliptiese proses, vorm en relasies wat sosiale kontekste en betekenissamehange betref, moet as 'n geheel verreken word. Ook die taalgebruik in Openbaring is deel van 'n historiese retoriese situasie. Die opwindende in die post-kritiese uitleg van Openbaring is dat ons nie net die dinamiek van die sosio-politieke wêreld van die teks in ag neem nie, maar ook die huidige konteks van die interpreteerder. Op só 'n wyse beskou, kan die aktualiteit van Openbaring net toeneem met die naderende eeuwenteling in sig. Op só 'n wyse word die hele samelewing die navorsingsterrein van die Bybelkundige.

Bonino (1975:91) vat dit raak saam as hy sê dat die interpreteerders en eksegete

> ... do not confront us primarily as a system of ideas or as a theological position, but as historical agents acting in certain directions with certain effects which are objectively possible to determine.

Dit bring mee dat elke uitlegger van byvoorbeeld die boek Openbaring ook 'n 'historiese agent' word om konstruktief deel te neem aan die Suid-Afrikaanse samelewing.

Anders gestel, in die sogenaamde 'pre-kritiese' fase - dit is die periode wat tot by die Verligting in die 17de eeu geduur het - het die klem in eksegetiese navorsing op simboliese interpretasie geval, wat saamgehang het met die vitalistiese paradigma van dié tydvak se denke.

Daarop het toe die 'kritiese' fase gevolg wat gekenmerk is deur die analitiese interpretasie vanuit die meganistiese paradigma. Daarvolgens val die klem op die dele en nie soseer op die geheel nie. Gedurende dié periode is navorsing in die Bybelwetenskap oorheers deur die historiese kritiek en histories-kritiese uitlegmetodes. Die histories-kritiese benadering het as dominante paradigma die dissiplinêre matriks gevorm as teoretiese raamwerk waarbinne oplossings vir eksegetiese probleme gesoek is (Kuhn 1970:184). Daarvolgens word Openbaring beskou as skriftelike nalatenskap wat soos 'n venster 'n kykie bied op die geskiedenis van die vroeë Christendom, spesifiek onder die bewind van Rome. Die histories-kritiese paradigma konsentreer veral op die wording van die teks as 'n soort argeologiese artefakt en ontleed dit kousaal met die fokus op die dele. Die historiese kritiek in sy stereotipe vorm slaag egter nie meer as paradigma daarin om die eksegeet van die boek Openbaring se vrae omvattend genoeg te beantwoord nie. Die huidige eksperimentering met strukturalistiese, retoriese, narratologiese en sosio-linguïstiese interpretasies dien as bewys dat die navorsing beweeg en op soek is na 'n geldige nuwe omvattende paradigma om Openbaring self eietyds te laat spreek.

Wanneer die eksegeet van Openbaring as gevolg van verskuiwings in wêreldbeskouings en wetenskapsdenke (vgl Kuhn 1970:111) op 'n nuwe manier na die teks kyk, sien hy dieselfde saak totaal anders as vroeër. Met ander woorde, aan

die hand van 'n bepaalde paradigma as teoretiese raamwerk word betekenis in Openbaring opnuut gekonstitueer. Aanleiding tot 'n nuwe paradigma is dat die klem verskuif het vanaf die histories-kritiese fokus op die outeur na die teks en die leser daarvan. Die leser aktualiseer betekenis binne 'n kommunikasieproses. Deur leesstrategieë word ook die sosiale konteks van Openbaring as teks binnegedring. Die eerste bedoelde lesers van Openbaring het dit immers binne 'n sosiale betekenissisteem gehoor en verstaan. Daarom val die klem in 'n soeke na 'n nuwe paradigma, die 'post-kritiese', veral op die holistiese (vgl Martin 1987:370), waarin na die geheel gekyk word. Daarvolgens word met behulp van sosiologiese, psigologiese en antropologiese teorieë ernstig gepoog om weer na die samelewing te kyk aan wie en waaruit die boek Openbaring ontstaan het. Dit moet nie maar net weer 'n historiese rekonstruksie wees nie, maar eerder 'n poging om die sosiale betekenissamehang te bepaal.

Dit behoef verder geen betoog dat die sosiale konteks van 'n Nuwe-Testamentikus, as iemand wat wetenskap bedryf, ook 'n invloed moet hê op sy wetenskapsbeoefening. Dit hang natuurlik weer saam met die paradigma van waaruit hy na die Nuwe-Testamentiese wetenskap kyk. As dit vanuit 'n teoretiese hermeneutiese model geskied, sal die resultate dit reflekteer; en as dit uit 'n praxis-gerigte model (Habermas) plaasvind, sal die gevolgtrekkings ook dienooreenkomstig wees.

Die snel veranderende Suid-Afrikaanse sosiale konteks noop enige eksegeet van Openbaring om betekenisvol te funksioneer binne 'n nuwe sosiale betekenissamehang. Die boodskap van die boek Openbaring bied na my mening aan die huidige veranderende sosiale betekenissamehang besondere perspektiewe.

Sonder om enigsins 'n oorsig te bied van die navorsing oor die boek Openbaring, word enkele tendense uitgewys as aanloop en reliëf tot 'n moontlike eie verantwoorde benadering. Dit word gedoen met in agneming van bogenoemde paradigmatiese raamwerke.

Gedurende die 'pre-kritiese' of 'vitalistiese' periode is Openbaring simbolies en metafisies uitgelê. In die geskrifte van Justinus, Ireneüs en Hippolitus is Openbaring letterlik vertolk na aanleiding van 'n chiliastiese interpretasie van Openbaring 20:1-6. Dit was veral kenmerkend van die Montaniste wat oorspronklik hoofsaaklik uit Frigië gekom het om die sogenaamde duisendjaar-regering letterlik te verstaan, asook die letterlike neerdaal van die hemelse Jerusalem (vgl Du Rand 1990:232). In ons moderne tyd word hierdie interpretasierigting nog steeds verteenwoordig deur die pre-millennialiste. Dit is duidelik dat 'n eensydige metafisiese versimbolisering van Openbaring nie rekening hou met die historiese aard van Openbaring nie. Die Ou-Testamentiese visioene kom uit 'n eie sosiale betekenissamehang en kan nie letterlik net só op Openbaring se situasie toegepas word nie. Die simbole en beelde volgens Openbaring kan ook nie maar net, soos die pre-millennialiste beweer, dien as abstrakte kodes vir historiese toepassings nie.

Ten nouste verbonde aan hierdie interpretasierigting, alhoewel die eindresultaat opmerklik verskil, is die allegoriese of tydloos-simboliese uitleg wat ook nog binne die 'pre-kritiese' paradigma val. Onder invloed van die Griekse denke, asook dat die

verwagte koninkryk nog nie aangebreek het nie, maar ook in reaksie teen die Montaniste se letterlike vertolking, het veral die Aleksandrynse skool (veral Origines) agter elke teks in Openbaring 'n sogenaamde dieper geestelike betekenis gaan soek. Op só 'n wyse is byvoorbeeld aan die getal 666 (13:18) dikwels kleurryke geestelike betekenis geheg. Dié rigting leef vandag nog voort in die idealistiese of tydloos-simboliese interpretasierigting wat Openbaring slegs beskou as 'n draer van algemene basiese beginsels (vgl Du Rand 1990:233). Daarvolgens is Openbaring bloot 'n teologiese gedig oor die stryd tussen die lig en die duisternis. Hierdie benadering is verbeeldingryk maar ongekontroleerd, omdat die historiese karakter van Openbaring misken word en elke uitlegger na goeddunke 'n 'geestelike dieper' betekenis aan 'n teks kan toeken.

Dit is te verstane dat die histories-kritiese paradigma die daaropvolgende verstaan van Openbaring sou bepaal. In plaas van ongekontroleerde simboliese gedagtevlugte is nou gekonsentreer op die outeurskap, die ontstaansgeskiedenis en 'n reduksie tot die dele van Openbaring. Op meganistiese wyse word sekere beeldspraak teruggevoer tot die bron waaraan dit ontleen sou wees. Op só 'n wyse is kosbare inligting verkry maar is die geheel van die kommunikasie nie genoeg verreken nie. Dit het gelei tot pogings om die geskiedenis van Openbaring as teks te rekonstrueer. In die toepassing van Openbaring is dan ook gepoog om dit te sien as 'n voorspelling van die geskiedenis van die kerk (vgl Joagim van Floris). Selfs die Reformatore het Openbaring só gebruik om die pous en kerk van Rome by te kom, deur die dier en valse profeet te identifiseer met die pous en die pousdom. Daarteenoor het die Jesuïete in reaksie gekom in die 16de eeu en 'n streng eind-historiese interpretasie voorgestaan. Selfs die godsdiens-historiese en tradisie-historiese benaderings het Openbaring verder op atomistiese wyse versplinter, deur Persiese en Babiloniese mitologiese modelle as parallelle aan Openbaring te soek (vgl Böcher 1980:1-25).

Gedurende hierdie meganistiese paradigma-era waarin ons nog tot 'n groot mate tans verkeer, het die tydhistoriese of sogenaamde *zeitgeschichtliche* uitleg die meeste reg laat geskied aan Openbaring. Daarvolgens word die vertelde gebeure en visioene volgens Openbaring verbind aan die kontemporêre of eietydse historiese gebeure van die outeur en lesers van Openbaring self. Alhoewel dit nog 'n historiese rekonstruksie is, word ten minste erns gemaak met die eietydse sosio-historiese konteks van Openbaring. Die intertekstualiteit met ander apokaliptiese geskrifte word ook in die proses verreken. Deur dié rekonstruksie van die historiese situasie van die vroeë kerk is gepoog om die historiese gang van die Christendom te koppel aan eskatologiese en ekklesiologiese interpretasies. Daarvolgens probeer Johannes om aan te toon dat die finale (eskatologiese) tyd reeds aangebreek het en besig is om te realiseer in die hede.

Om Openbaring histories te verstaan, sal altyd deel van enige verstaansproses moet wees. Dit beteken nog eens nie dat 'n rekonstruksie van die historiese situasie waarin Openbaring sou ontstaan het, die volledige oplossing bied nie. Eerder, dat 'n sosiale betekenissamehang gekonstrueer word met behulp van sosio-historiese ondersoeke, asook sosiologiese en antropologiese teorieë oor hoe samelewings funksioneer. Die kommunikasie van Openbaring reflekteer veel meer as net dat dit

'n weergawe is van 'n historiese situasie. 'n Meganistiese paradigma vra byvoorbeeld wie die getal 666 voorstel, terwyl 'n holistiese benadering vra na die funksie van die uitdrukking in Openbaring 13:18.

Gedurende die afgelope dertig jaar is vanuit verskeie oorde gepoog om met nuwe perspektiewe na Openbaring te kyk ten einde sy boodskap self aan die woord te stel. Die raam vir die nuwe bril is reeds daar, maar die verfynde lense ontbreek nog grotendeels. Die moderne navorsing oor Openbaring het 'n stroomversnelling binnegegaan met die uitspraak van Käsemann dat die apokaliptiek die moeder van die Christelike teologie is (vgl 1960:162). Apokaliptiek is opnuut bestudeer as die skakel tussen die Jodedom en die Christendom. Die beskikbaarwording van apokaliptiese dokumente, asook die Dooie See-geskrifte het navorsing oor apokaliptiese geskrifte laat opbloei. D S Russell het gemeen dat dié belangstelling toegeskryf moet word aan die ooreenkomste tussen die sogenaamde intertestamentêre apokaliptiese tydvak en die twintigste eeu, na aanleiding van gemeenskaplike politieke, sosiale, ekonomiese en godsdienstige probleme. Die apokaliptiese geskrifte gee by uitnemendheid uitdrukking aan die mens se vrese en hoop (1978:5). 'n Stroom kommentare op Openbaring het toe die eksegetiese mark getref. [1] Om nie te praat van monografieë en artikels nie. Hermeneuties beoordeel, het die histories-kritiese paradigma in al bogenoemde navorsingsbydraes die dominante toon aangegee tot laat in die sewentigerjare.

Die behoefte aan 'n meer komprehensiewe benadering het egter al hoe sterker op die voorgrond begin tree. Dit is veral die 'Apocalypse Group' van die 'Society for Biblical Literature' wat erns gemaak het met die onderskeid tussen apokaliptiek, apokalipse en apokaliptisisme en ook 'n definisie vir 'n apokalips gegee het (vgl *Semeia* 14 [1979]). Die bydraes van die 'International Colloquium on Apocalypticism' wat in 1979 gehou is, is in 1983 gepubliseer onder redakteurskap van D Hellholm. In dié bundel vind ons nuwe klanke in die Openbaringnavorsing. Dit is veral die bydraes oor die sosiologie van apokaliptisisme as apokaliptiese beweging wat nuwe stukrag aan die navorsing gegee het (vgl Thompson:147-174). Tot 'n groot mate is ook uitsluitsel gegee oor die genre van Openbaring as apokaliptiese geskrif. Nommer 36 van *Semeia* in 1986 het verder hierop voortgebou. Die publikasies van John Collins (1984), Adela Collins (1984) en Schüssler-Fiorenza (1985) verdien buitengewone vermelding.

Gedurende die afgelope dekade is ons oë veral geopen vir die geleidelike wegdraai vanaf die tradisionele histories-kritiese benadering na 'n nuwe paradigmatiese aanpak wat nog 'n naam moet kry. In die lig van voorafgaande bespreking noem ons dit solank die 'post-kritiese' paradigma. Dit is nie minder krities as die voorafgaande kritiese histories-kritiese benadering nie, maar konsentreer nou meer op die geheel as die dele.

---

1. Vgl onder meer dié van Caird (1966), Farrer (1964), Lohse (1966), Van Schaik (1971), Ladd (1972), Kraft (1974), Beasley-Murray (1974), Ford (1975), Mounce (1977), Collins (1979), Schüssler-Fiorenza (1981), Jeske (1983), Blevins (1984), Müller (1984), en Van Hartingsveld (1985).

Die teks van Openbaring word nou ook vanuit 'n sosio-psigologiese gesigspunt gelees (vgl A Collins 1986:309). Die sosiale funksie van die taal van Openbaring word ook nou verreken. Dit geld ook van die funksie van die mondelinge oordrag van Openbaring aan Christene (vgl Barr 1986:246). Eksegete besef skielik dat daar vanuit die besondere taalgebruik en die sosiale betekenissamehang van 'n apokaliptiese gemeenskap 'n dinamiek uitgaan wat enige navorser in beweging laat kom. Dit is hierdie dinamiek wat my besiel om aan die navorsing deel te neem in 'n poging om die verband tussen die retoriek van 'n literêre teks en die leefwêreld van die hoorders en lesers van Openbaring eksegeties te help deurgee aan eietydse Suid-Afrikaanse lesers en hoorders van dié besondere boek.

## 3. Om Openbaring te lees as ...

### 3.1 ... 'n dramatiese narratief

In die volgende deel wil ek poog om na aanleiding van navorsingsresultate enkele verkennende standpunte te stel insake probleem-areas in die verstaan van die boek Openbaring. Dit moet beskou word as deelname aan die hermeneutiese proses om Openbaring te lees binne 'n nuwe paradigma, waar die klem eerder op die geheel as die dele val.

Dit is essensieel dat die boek Openbaring geïnterpreteer word binne die parameters van die genre waartoe dit behoort. Die Openbaring aan Johannes is deel van 'n groter familie apokaliptiese geskrifte. Dit moet dus geïnterpreteer word met inagneming van die raamwerk van apokaliptiese ideologiese verskynsels, denksisteme en die literatuursoort.

Apokaliptiek beskryf die denkinhoud van apokaliptiese geskrifte. Apokaliptiek vertel van die ideologie of krisisverskynsel wat ontstaan wanneer die waardes en strukture van 'n samelewing vir 'n minderheidsgroep in dié besondere samelewing sinloos raak, en vervang word met 'n nuwe simboliese betekenissisteem. So 'n groep mense raak dan vervreemd van hulle samelewing as gevolg van die afstand, en kom in konflik met die meerderheidsgroep in die samelewing (vgl Du Rand 1990:164; Vorster 1986:159). Die meerderheid in so 'n samelewing poog om die *status quo* te handhaaf met behulp van wette en instellings.

Apokaliptiek as krisisverskynsel funksioneer hoofsaaklik op ideologiese vlak. Bestaande ideologieë word verplaas deur 'n nuwe stel apokaliptiese betekenissimbole van 'n utopie waarna gestreef word. Oor die *status quo* voel so 'n onvergenoegde groep baie pessimisties, en meen dat die uitkoms in die toekoms en van elders moet kom. In dié nuwe wêreld wat van elders moet kom, sal God die meerderheid oordeel en die reg uitbring van die verontregte groep wat aan Hom getrou gebly het.

Die Christene as verontregte groep in Klein-Asië, aan wie Openbaring gerig is, het só 'n onvergenoegdheid onder die bewind van Rome beleef. Omdat Rome allerlei onbillike sosiale, politieke en godsdienstige eise aan die Christene gestel het, het 'n apokaliptiese ingesteldheid as ideologiese krisisverskynsel binne 'n raamwerk van

protes ontstaan. Nie primêr as 'n fisiese protes nie, maar as 'n denkprotes wat te vergelyk is met die transkulturele apokaliptiese denke van veral die Oos-Mediterreense gebied gedurende die twee eeue voor en die twee eeue na Christus (vgl Koch 1972:36-48).

Die boek Openbaring is deel van dié apokaliptiese literatuur wat uitdrukking gee aan 'n apokaliptiese ingesteldheid as ideologiese krisisverskynsel. In resente navorsing (vgl vanaf 1974, die SBL-groep) word apokaliptiek gesien as 'n ingesteldheid of mentaliteit binne 'n spesifieke sosiale situasie, eerder as om dit 'n literêre vorm te noem wat voldoen aan 'n sogenaamde lys karaktertrekke. Die apokaliptiese denke kry konkreet adres in die apokaliptisisme, wat dui op 'n historiese beweging as sisteem. Só 'n apokaliptiese historiese beweging het gewoonlik 'n groeprespons van verwydering vanaf die *status quo*, en 'n grype na 'n nuwe simboliese universum of betekeniswêreld. Die Christene van Klein-Asië het hulle nie as historiese beweging teruggetrek in 'n utopiese simboliese omgewing, soos byvoorbeeld die groep by Kumran nie, of soos die Hasidim nie, en allermins as 'n anti-omgewing gewelddadige groep soos byvoorbeeld die Selote nie.

Die rol en funksie wat die boek Openbaring moes speel in so 'n apokaliptiese gemeenskap as ideologiese rigtinggewende geskrif kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die toepasbaarheid van sy boodskap uit verskillende interpretasiehoeke in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing moet ook nie onderskat word nie. Die sleutel tot die verstaan van die besondere boek lê ongetwyfeld in die wyse waarop dit gelees word. Ons beleef tans die noodsaaklikheid en geboorte van 'n nuwe betekenissisteem waarin die klem val op wat ons gemeenskaplik met mekaar deel.

Wat sy inhoud betref, is Openbaring 'n Christelike profeties-apokaliptiese geskrif met 'n sterk eskatologiese gerigtheid. Dit beteken dat Openbaring nie maar net die berekening van die eindgebeure gee nie, maar dat dit profetiese kommunikasie van die woorde van God en die getuienis van Jesus Christus aan die lesers/hoorders is. Dit is verkondiging (vgl Du Rand 1990:180).

Hoewel Openbaring grotendeels hoort tot die generiese raamwerk wat apokalips genoem word wat styl en funksie betref, moet dit gelees word as 'n dramatiese vertelling binne 'n briefraamwerk. Dit is nie 'n drama nie, maar wel 'n narratief wat dramaties aangebied word.

Die eerste historiese ontvangers van Openbaring het die verhaal as 'n geheel oor en oor gehoor, om die sekuriteit wat hulle in God op grond van die offer van die Lam het, te aktualiseer. Die skrywer het sy oorleweringe gebruik en deur 'n strategie van opeenvolging daarvan 'n verhaal gemaak. Deur middel van sekere taalstrategieë waarin taalhandeling 'n belangrike rol speel, toe te pas, neem die hoorder en leser van Openbaring deel aan die kommunikasieproses. Die verteller lei ons dieper in die vertelde wêreld in, dit is die literêre wêreld waarin die verhaal afspeel, en dwing die leser en hoorder om standpunt in te neem ten opsigte van die Lam. Só 'n heroriëntasie het 'n belewenis van groepsidentifikasie tot gevolg en help die Christene nie net om te oorleef nie, maar ook oorwinnend te leef te midde van moontlike knellende omstandighede.

In die plotontwikkeling van Openbaring beleef die Christen dit dat God in beheer van alles en almal is. Die basiese verbinding of plotvorming tussen al die gebeure op storievlak kan beskryf word as die ontplooiing van die effek van Jesus Christus se offer, naamlik verlossing vir diegene wat aan sy getuienis vashou, en oordeel vir diegene wat die Lam verwerp.

## 3.2 'n Strukturele eenheid

'n Betekenisvolle lees van die boek Openbaring as dramatiese narratief vereis ook 'n definitiewe begrip van sy indeling en opbou. In samehang met bogenoemde hermeneutiese uitgangspunte, moet vanuit die geheel na die dele van Openbaring toe beweeg word ten einde betekenisvolle analises te maak.

Volgens die eerste deurlees van die boek lyk dit of die 22 hoofstukke betreklik willekeurig gerangskik is om 'n kaleidoskoop van oënskynlik losstaande kleurryke visioene en gebeure aaneen te ryg. As uitgangspunt word egter geneem dat die formele inkleding van Openbaring as eenheidsvertelling medebepalend is tot die verstaan van sy inhoud. Die omgekeerde geld ook, naamlik dat die inhoud bepalend is ten opsigte van die vorm.

Deur gebruikmaking van struktureringstegnieke, soos byvoorbeeld die briefvorm, herhalings, kontrastering, tussentonele en rekapitulasie, om enkeles te noem, is tot verskillende modelle vir indelings gekom, afhangende van die indelingsbeginsels (vgl Du Rand 1990:253).

Onder die bekendste indelings tel die volgende:

* Die sogenaamde chronologiese of tweedeling, wat op grond van die woorde 'wat nou daar is en wat hierna moet gebeur' in 1:19, Openbaring in twee dele laat uiteenval. Die uitdrukking 'wat nou daar is' verwys dan na die huidige 1:9-3:22 en 'wat hierna moet gebeur' na die apokaliptiese 4:1-22:5 (vgl Van Schaik 1971; Kraft 1973; Hahn 1979; Müller 1984).

* Die numeriese indeling wat gebaseer is op die getalle 3, 4 en 7 het nog altyd byval gevind (vgl Lohmeyer 1953; Bowman 1955; Lohse 1960; Sweet 1979 en Groenewald 1986). Bowman (1955) het byvoorbeeld tussen die proloog (1:7-8) en die epiloog (22:6-20) sewe bedrywe van sewe tonele elk beskryf.

* Ek noem net die teologiese indeling van J Ellul (1977) waarvolgens die inhoud van Openbaring chiasties groepeer rondom 8:2-14:5, die Christologiese sluitsteen; die poëtiese indeling van Kiddle (1940); die simboliekteorie van Farrer (1964); die liturgiese indeling van Shepherd (1960) waarvolgens Openbaring se opbou voortspruit uit 'n Paasliturgie; die literêre indeling en die tekslinguïstiese indeling van Hellholm (1986) wat 'n sintagmatiese analise op die vlak van die makrostrukture van Openbaring gemaak het, en gevind het dat elk van 9 lae by 22:5 eindig.

Elkeen van die genoemde indelings bevat 'n betekenisvolle element. Die klem val egter te veel op 'n beweeg vanaf die dele na die geheel. Hellholm (1986:13-64) plaas egter al meer die geheelopbou van Openbaring in fokus. Dit is ook die geval met die indeling van Lambrecht (1980:77-104) wat parallelle progressie vind in die gang van

Openbaring deur middel van insluiting, rekapitulasie en tematiese voortgang. Schüssler-Fiorenza (1977:344-366) sien in Openbaring 'n konsentriese argitektoniese patroon wat chiasties sentreer rondom 10:1-15:4, die klein profetiese boekrolgedeelte. Sy slaag daarin om vorm en inhoud te integreer. Dieselfde geld van Adela Collins, wat ook die geheel in ag neem en twee groot siklusse visioene, naamlik 1:9-11:19 en 12:1-22:5 onderskei. Elk van die twee siklusse kommunikeer die volledige boodskap van Openbaring.


Ten einde die navorsingsbevinding dat Openbaring 'n dramatiese narratief is ook te implementeer in die bepaling van die opbou daarvan, asook om erns te maak met die geheel van sy inhoud, word die volgende motivering en model van indeling aangebied:

'n Narratiewe indeling van die opbou van Openbaring beteken dat die leser die inhoud funksioneel ontvang. Die lees daarvan as 'n funksionele narratiewe strukturele eenheid bring katarsis in 'n spesifieke situasie. Die opeenvolging en die herhalende effek van die betekenis van die Christusgebeure laat die leser opnuut oriënteer ten opsigte van verlossing of oordeel.

Ek meen dat ons formeel reg aan die opbou van die inhoud van Openbaring kan laat geskied deur dit soos 'n musiekkomposisie te verstaan. Dit moet verder kursories gemotiveer word.

In die opera Dido en Aeneas het die komponis Purcell 'n lang emosionele klag geskryf vir die heldin Dido, koningin van Kartago wat deur Aeneas verlaat is en op die brandstapel moet sterf (vgl Oxtoby 1964:12). Purcell het daarin geslaag om die stuk tot 'n eenheid saam te bind deur 'n frase wat oor en oor in die bas herhaal word. Dit dra en gee karakter aan die hele stuk:

PURCELL — *DIDO EN AENEAS*



Dié bas-frase beklemtoon selfs in die ritme die droewige en hartseer voetstappe van die koningin. Dieselfde frase het die effek om die kontoer van die melodie laer en laer te laat daal om juis teneergedruktheid uit te druk. Op só 'n wyse het 'n sekere frase in die bas 'n hele komposisie musiek tot betekenis gelei vir die hoorder. Die komponis het sy materiaal, dit is klanke, georganiseer wat intensiteit, tydsduur, toonhoogte en timbre of toonkleur betref. Hy het ook veral gebruik gemaak van kontras en herhaling wat goed gebalanseerd eentonigheid uitskakel sonder om die basiese melodie te verloor. Soms, soos byvoorbeeld in 'n sonate, word die musikale struktuur voorgeskryf deur 'n onderliggende verhaal of deurlopende tema.

'n Mens luister tog met 'n ander resepsieverwagting na 'n Bach-orrelfuga as na 'n Haydn-senerade, of Händel-oratorium of Seriabin-simfonie. In die woorde van Robert Schumann:

> Only when the form is quite clear to you, will the spirit become clear to you (vgl Reti 1961:1x).

Toegepas op Openbaring, het ons in die laaste boek van die Nuwe Testament te doen met 'n meesterlike woordkomposisie in narratiewe vorm. Dit kan die Johannese 'pastorale' genoem word omdat die lees/hoor daarvan afgestem is op 'n katarsis in 'n krisissituasie. Die eenheidsbindende en struktuurdraende lê in die Christologiese 'melodie', naamlik dat God op grond van die Christusgebeure verlossing en oordeel laat ontplooi. Net soos in die musiekkomposisie is gebruik gemaak van kontras en herhaling wat goed gebalanseer is. Herhaling lê in die rekapitulasie van die seëls, trompette en wraakbakke as oordeelsvoltrekking, asook in die herhaalde versekering dat die Christene geborg is volgens die tussentonele (vgl 7:1-17; 10:1-11:14; 14:1-5). Die groot kontras lê tussen die Messiaanse moeder, volgens hoofstuk 12, wat die Christuskind voortbring met die oog op verlossing en die ontugtige Babilon in hoofstuk 17-18, wat die wêreld verlei en wat lei tot oordeelsvoltrekking. Net soos by 'n musiekkomposisie aandag gegee word aan intensiteit, tydsduur, toonhoogte, toonkleur, metrum en die kontoer van die komposisie, moet ons Openbaring lees met leesstrategieë wat erns maak met die kontoer van die 'melodie', naamlik 'n intensivering hoe nader die einde kom.

Net soos met maatlyne, frases, retoriese patrone en kadense (slot van 'n deel), kan Openbaring volgens die dramatiese narratief van sy inhoud in drie bedrywe ingedeel word wat saam 'n eenheid vorm.

Die oorkoepelende tema is dan: die ontplooiing van die Godsheerskappy in die perspektief van die Christusgebeure.

* Bedryf 1: God teenwoordig in die kerk deur die verheerlikte Christus (hoofstukke 1-3).

* Bedryf 2: God ontplooi verlossing en oordeel in die wêreld (kosmos) op grond van die Lam se oopmaak van die boekrol (hoofstukke 4-11).

* Bedryf 3: God maak sy teenwoordigheid in die geskiedenis bekend deur Jesus Christus. Die historiese stryd tussen die bose trio (draak, diere uit see en aarde) en die Lam loop uit op God se totale oordeel oor Babilon, asook die nuwe hemel en nuwe aarde (hoofstukke 12-22).

Elke bedryf berus op die Christologiese 'melodie', dat die offer van die Lam die beslissingsmoment is ten opsigte van verlossing en oordeel. Deur die Lam verlos God en deur die Lam oordeel God.

## 3.3 Produk van 'n sosiale samehang

Die teks van Openbaring as dramatiese narratief is gevorm, wat taalgebruik en perspektiewe betref, deur die sosiale sisteem waarbinne dit ontstaan het. Die inhoud en aanbieding van Openbaring kommunikeer ook perspektiewe en inligting oor die sosiale sisteem waarvan dit 'n produk is. Teks en konteks is dus onlosmaaklik aan mekaar verbonde, nie net in sy ontstaan nie maar ook in die ontvangs en verstaan daarvan.

In die interpretasie van Openbaring is die sosio-historiese leefwêreld van die eerste historiese lesers nie net te beskou as reliëf of agtergrond vir die teologiese perspektiewe en denke van die geskrif nie, maar inderdaad medebepalend wat die betekenis van die geskrif betref. Die teologiese perspektiewe volgens Openbaring staan in 'n bepaalde relasie tot die sosiale werklikheid waarvan dit 'n kommunikatiewe refleksie is (vgl. Gager 1975:94; Elliot 1981:1-20).

Die sosiale gemeenskap se persepsies oor kultuur, ekonomie, godsdiens en politiek word geïntegreerd gereflekteer in die boodskap van Openbaring. Navorsingsresultate deur die sosiale wetenskappe werp lig op die kollektiewe ingesteldheid en gedrag van 'n Christelike minderheid aan die einde van die eerste eeu in Klein-Asië. Dit is die moontlike ontstaansituasie van die boek Openbaring.

Die retoriese taalgebruik van Openbaring, waarop die leser deelnemend 'n antwoord moet gee, is die produk van 'n retoriese sosio-historiese situasie (vgl Du Rand 1990:206). Jameson (1982:83) formuleer dit só:

> ... as to constitute not merely a scene or background, not an inert context alone but rather a structured and determinate situation, such that the text can be grasped as an active response to it ... The text's meaning then in the larger sense of Bedeutung will be the meaningfulness to a gesture that we read back from the situation to which it is precisely a response (cf Schüssler-Fiorenza 1986:135).

'n Algemene tipering van die Christelike gemeenskap aan die einde van die eerste eeu in Klein-Asië is dat hulle ekonomies, polities, sosiaal en kultureel bedreig en afgesluit van die heersende *status quo* 'n krisisbestaan beleef het. Net soos wat die Apokalips van Esra (vgl 2 Esra 3:14) en die Siriese Apokalips van Barug (vgl 2 Barug) refleksies is van ernstige krisissituasies wat die Joodse volk geteister het, só is Openbaring 'n krisisgeskrif vanuit en vir 'n krisissituasie.

Verskillende faktore het aanleiding gegee tot die belewenis van krisis wat in Openbaring gereflekteer word.

Hoewel historiese navorsing nog nie klinkklaar uitgeklaar het wat die werklike omvang van vervolging onder Domitianus behels het nie (vgl Thompson 1986:152; Sweet 1979:31), het die Christene sy aanspraak op die titel *dominus et deus* en keiserverering as bedreigend beleef (vgl Schüssler-Fiorenza 1985:181). Hemer het in

'n omvangryke stuk navorsing aangetoon dat werklike vervolging, veral in die provinsies, wel voorgekom het (1986:7). Hoewel keiseraanbidding nie altyd afgedwing is nie, is keiserverering vereis (vgl Plinius se brief aan Trajanus: Ep 10:96).

Konflik met die Jodedom het ook opgebou. Aanvanklik het die Christene sosiale, ekonomiese en kulturele sekuriteit geniet toe hulle nog onder dieselfde sambreel as die Jode toegelaat is. Na die breuk tussen kerk en sinagoge het die Christene hulle sosiale sekuriteit in die samelewing verloor. Die belangrikste binding het nie meer in die etniese of kulturele groepsgebondenheid gesetel nie, maar in 'n gemeenskaplike Christelike belydenis. Die Jode het tot so 'n mate die rug op die Christene gedraai dat hulle selfs die Christene aangekla het by die Romeinse owerheid (vgl Schmithals 1987:372). Kulturele en etniese ontworteling het 'n sosiale ontgogeling geword en daar is ook teen die Christene gediskrimineer. 'n Nuwe geloofsgroepering het ontstaan.

Aan die ander kant het die heidense omgewing van Klein-Asië (hoofsaaklik Grieke) die Christene met agterdog bejeën en selfs gehaat (vgl Collins 1984:87), omdat die Christene die heidense sosiale en godsdienstige leefwyse vermy het. Daarom is die Christene van eksklusiwiteit en selfs kannibalisme aangekla, as gevolg van hulle Nagmaalgebruike. Ja, selfs van ateïsme, omdat hulle nie die Griekse gode aanbid het nie. Moes die Christene kompromitteer en assimileer met die heidense omgewing ter wille van ekonomiese oorlewing? Johannes sê: nee (vgl 2:6,15).

Antipas se dood (vgl 2:13) en Johannes se verbanning na Patmos (vgl 1:9) reflekteer ook Romeinse aggressie. Dit lyk of die Christene se regsposisie ook onder verdenking was, veral as hulle hul nie onderwerp het aan Rome wat politieke standpuntname betref nie. Hewige belastings in die provinsies het die kloof tussen ryk en arm ook al hoe groter gemaak.

Die Christene het verder 'n teenstrydigheid beleef tussen hulle legitieme verwagtings en die werklikheid wat hulle beleef het (vgl Aberle 1962:209). Hulle het waarskynlik gemeen dat hulle as die uitverkorenes van God 'n beter werklike bedeling moes hê as wat hulle elke dag beleef het.

Só 'n sosio-historiese situasie, wat aanleiding gegee het tot 'n belewenis of 'n betekenissamehang van krisis, word verder gereflekteer in die retoriese taalgebruik en simboliek van Openbaring.

## 3.4 Apokaliptiese retoriek

Die taalgebruik van Openbaring is 'n opwindende navorsingsterrein. Dit is nie bloot informatief nie, dit wil sê om net inligting te verskaf nie maar performatief, om die leser en hoorder betrokke te kry. Só 'n taalgebruik het krag tot oortuiging in 'n bepaalde sosiale betekenissamehang. Die taalgebruik (parole) van Openbaring is funksioneel, om die spanning tussen wat is en wat behoort te wees te oorbrug. Geen taalgebruik kan sosio-politieke onreg verwyder, godsdienstige spanning besweer of ekonomiese diskriminasie uitroei nie, maar help die gebruiker om die skadelike effek daarvan te kontroleer.

Die taal van Openbaring begelei die leser/hoorder vanaf 'n belewenis van afstand teenoor die ongunstige *status quo*, deur 'n proses van uitsuiwering van kwade vrees om vanuit 'n nuwe visie op die verlossingsgebeure sy alledaagse lewe betekenisvol te leef. Dit beteken dat die simboliese beeldspraak van Openbaring nie net taalkundig semanties te verstaan is nie maar veral sosio-kommunikatief (vgl Du Rand 1990:220; A Collins 1984:141), omdat dit 'n funksie vervul in die sosiale samehang waarin die eerste historiese Christenlesers hulle bevind het.

Wanneer die taalgebruik van Openbaring in die Grieks nagevors word, kan dit eerstens beskryf word as 'n simbolies-poëtiese werk met die funksie om verbeelding te aktiveer en verskillende perspektiewe op betekenis te open, eerder as om betekenis totaal afgegrens te definieer. Die taal van Openbaring is egter veel meer as om dit net simbolies-poëties te verstaan. Gager noem dit 'mitiese terapie' waarvolgens die hoorder/leser getransporteer word tot 'an experience of millenial bliss as a living reality' (1975:55). Dit herinner aan Levi-Strauss se analogie tussen die mitiese en die psigo-analitiese prosesse (1967:181 v). Daarom is die taalgebruik van Openbaring ook esteties te bewonder as apokaliptiese of visioenêre retoriek, wat die leser/hoorder opwek tot betrokkenheid. Dit manipuleer jou gevoelens en denke tot reaksie en deelname. Die oorskakelings tussen die aardse en die bonatuurlike visioene (vgl 4:1 en 17:3) is daarom betekenisvol. Net so, dié tussen die prosa- en poëtiese gedeeltes. Die funksie van die liedere in hoofstukke 4,5,12,15,18 en 19 is oorredend. Telkens word die leser/hoorder oortuig dat sy/haar sekuriteit setel in God as skepper en die Lam as Verlosser. Die reaksie is volharding, al beteken dit ook martelaarskap.

Deur die apokaliptiese retoriek wat uit simbole en beeldspraak in 'n geordende samehang bestaan, skep die skrywer van Openbaring 'n simboliese denkwêreld of universum. Dit beteken dat die leser/hoorder deur simboliese transformasie of omvorming intellektueel uit sy knellende situasie tree om in 'n denkwêreld te beweeg waar God die reg uitbring, waar 'n Lam regeer en waar martelare wat nou verdruk word, die werklike oorwinnaars is. Op só 'n wyse word die empiries vervolgde en verdrukte gemeenskap verplaas na 'n simboliese denkwêreld waar God hulle reg handhaaf op grond van wat Jesus Christus, die Lam, gedoen het deur sy sterwe en opstanding. Anders gestel, die leefsituasie in Klein-Asië word getransformeer tot 'n simboliese denkwêreld om die lesers/hoorders te help om die hede, wat as een groot teenstrydigheid beleef word, betekenisvol te verwerk. Dit beteken hoegenaamd nie dat die lesers/hoorders die hede ontvlug nie, maar net dat hulle deur Openbaring op 'n literêre reis geneem word waar simbole en beeldspraak die eintlike teologiese skema agter alles blootlê. Dit is 'n intellektuele belewenis met die funksie van 'n katarsis. Om dit te illustreer:

In hoofstuk 5 verwag die leser/hoorder saam met Johannes om die leeu van Juda, wat oorwin, te sien. En wat sien ons? 'n Lam, die Een wat geslag is. Daarmee is die leser meegevoer tot die simboliese denkwêreld waar die Lam juis heers, omdat Hy geslag is.

Op so 'n wyse het die taalgebruik van Openbaring die effek van 'n katarsis. Die onverstaanbare, onregverdige en neerdrukkende belewenis van die alledaagse krisis

word verstaanbaar op 'n reis in die simboliese denkwêreld. Elke Christelike hoorder/leser is nie maar net besig om vrees vir die toekoms en haat teen die onderdrukker intellektueel te ontlaai nie, maar in werklikheid deel te neem aan God se oorwinnende opmars deur hierdie wêreld heen om die bose te vernietig en sy koninkryk te vestig. Psigologiese gevoelens van vrees en wraak ondergaan in dié teologiese perspektief 'n gedagteverwisseling. In die lig van 'n teologiese bewussyn word die alledaagse sosiale spanning verwerk. Al lyk die goddelose en die bose ook hoe vreesaanjaend (vgl hoofstuk 13), word die Christen gerusgestel dat God sy oordeel voltrek oor die bose, en dat God verlossing borg vir diegene wat gewas is in die bloed van die Lam.

Oor die werklike psigo-terapeutiese effek van die taalgebruik van Openbaring as apokaliptiese retoriek is die laaste navorsing egter nog nie gedoen nie. Daarna moet ons opwindend uitsien.

## 3.5 'n Aktuele boodskap

Die boek Openbaring hét 'n boodskap vir ons dag. Adela Collins (1986:229) stel dit só:

> On the deepest level, the Book of Revelation provides a story in and through which the people of God discover who they are and what they are to do.


In die naspeur van die aktualiteit van die boodskap van Openbaring moet deeglik rekening gehou word met die tydhistoriese sosiale samehang van die gemeenskap in krisis, die godsdienshistoriese intertekstualiteit, asook die futuristiese fasette wat die voleinding van die geskiedenis in die oog het. Die boodskap van Openbaring verskil daarin van die suiwer tegniese apokalipse dat dit nie net afgestem is op 'n apokaliptiese einde, nie maar juis vertel van 'n eskatologie wat in die gang van die geskiedenis voltrek. Navorsing oor die verhouding tussen die historiese en eskatologiese, toegepas op die boodskap van Openbaring, is daarom uiters belangrik. Conzelmann (1964), Feuillet (1959) en Holtz (1962) het interessante bydraes in dié verband gelewer, maar die klem eensydig op 'n sogenaamde heilshistoriese interpretasie laat val. Daarvolgens verkeer die 'alreeds' en die 'nog nie' van verlossing in 'n dialektiese spanning, waar die gelowiges in die huidige tydvak reikhalsend uitsien na die volkome verlossing (vgl Du Rand 1990:242).

Die Christelike gemeenskap se hoop en geloof berus nie net op 'n volhardende afwagting van die verlossing aan die einde wat volgens 'n heilshistoriese berekende skema moet plaasvind nie. Dit setel in die persoon van Jesus Christus wat verlede, hede en toekoms saambind. Daarom moet die boodskap van Openbaring juis eskatologies verstaan word: die koninkryk van God is reeds teenwoordig op aarde in die Christelike gemeenskap wat God se bedoeling met hierdie wêreld sigbaar moet maak. Die Christelike gemeenskap is deur belydenis en leefstyl nou reeds God se sigbare verteenwoordiger. En dit alles op grond van Jesus Christus wat God se beslissingsoomblik van verlossing en oordeel in sy geskiedenis is.

Die eerste koms en die tweede koms van Jesus Christus vorm die eskatologiese verstaansraamwerk vir die boodskap van die boek Openbaring. Die wederkoms kan

slegs verstaan word vanuit die eerste koms en die eerste koms word eers werklik afgerond deur die tweede koms.

Dié waarheid word mooi deur die figuur van 'n ellips verduidelik:




'n Ellips is die pad van 'n punt wat só beweeg dat die som van sy twee afstande na twee vaste punte konstant bly. Volgens optiese wetmatigheid sal die kaatsing vanaf enige een van die twee vaste punte na die omtrek van die ellips altyd deur die ander punt beweeg.

Illustratief toegepas op Openbaring: die teologiese boodskap van Openbaring, voorgestel deur die omtrek van die ellips is gevorm en kan alleenlik verstaan word vanuit die eerste en tweede koms van Jesus Christus. Daarom is die boodskap van Openbaring nie net futuristies gerig op die einde nie (Walvoord 1966) of op die tydhistoriese hede nie (Feuillet 1959), maar op 'n vaste verhouding van dié twee fasette.

Die ontplooiing van die heerskappy van God in verlossing en oordeel in die perspektief van dié vermelde tweeledige Christusgebeure, laat die hemelse skare uitroep: 'Die Here, ons God, die Almagtige, heers nou as koning' (19:6). Deur God herhaaldelik 'die Almagtige' te noem, gee teologiese perspektief op God, die geskiedenis en die mens (vgl. 1:8; 4:8; 11:17; 15:3; 16:7; 16:7,14; 19:6,15; 21:22). God is die heerser. Hy het beheer oor die gang van die geskiedenis wat verby is sowel as oor die wat kom. Deur Jesus Christus se sterwe, volgens Openbaring nie as daad van God se weerwraak nie, maar van sy mag en liefde, vestig God sy totale heerskappy. Deur sy Seun is God in die midde van sy kerk (hoofstukke 1-3), op grond van die offer van die Lam voltrek God verlossing en oordeel in die wêreld (kosmos) (hoofstukke 4-11) en bring Hy dit nader aan die mens in die gang van die geskiedenis (hoofstukke 12-22).

Daarom slaag Openbaring ook funksioneel daarin om deur sy apokaliptiese retoriek en teologiese boodskap die leser/hoorder deur sy/haar deelname aan die kommunikasieproses die alledaagse sosiale en godsdienstige krisis beter te verstaan en te verwerk.

Die belewenis van die simboliese denkwêreld waarin God regeer en die geskiedenis beheer, het ook psigo-terapeutiese effek vir die vermelde knellende sosiale samehang waarin die leser/hoorders hulle bevind. 'n Simboliese uitsig op die Goddelike bedoeling laat die Christen ook sy hede betekenisvol beleef.

Vir die gelowiges in Suid-Afrika in ons huidige tydvak het dit die implikasie dat ons nie maar net sou leef uit etiese verwagtinge op die toekoms nie, maar die Goddelike heerskappy moet realiseer. In 'n samelewing wat ekonomies, polities en sosiaal afgerem en seervoet voorkom, is dit noodsaaklik om retories betrokke te raak in die aktualiteit van die boodskap van Openbaring. Openbaring projekteer nie 'n oorlewingsetiek nie maar 'n eskatologiese selfbewussyn wat gefundeer is in God se heerskappy en geborg is deur die verdienste van die Lam. Dit beteken om nie te akkommodeer soos Efese, Pergamum en Tiateria nie; ook nie om deur 'n lewensstyl van wraak en nyd vergelding te eis van die boosdoeners nie; en net so min om te ontvlug soos die Esseners, maar om as sigbare getuies (Op 12:11) God se bedoeling met hierdie wêreld waarin Hy ons nou geplaas het, dinamies te leef.

# BIBLIOGRAFIE

Aberle, D F 1962. A note on relative deprivation theory as applied to millenarian and other cult movements, in Thrupp, S L (ed), *Millennial dreams in action: Essays in comparative study*, 209-214. Hague: Mouton.

Barr, D 1986. The Apocalypse of John as oral enactment. *Interpretation* 40, 243-256.

Battista, J R 1982. The Holographic Model, Holistic Paradigm, Information Theory and Consciousness, in Wilber, K (ed), *The Holographic Paradigm and other Paradoxes*, 143-150. Boulder: Shambala.

Böcher, O 1980. *Die Johannesapokalypse*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft. (Erträge der Forschung 41).

Bonino, J M 1975. *Revolutionary Theology comes of age*. London: SPCK.

Bowman, J W 1955. The Revelation to John: It is dramatic structure and message. *Interp* 9, 436-453.

Caird, G B 1966. *A Commentary on the Revelation of St. John the divine*. London: Black.

Collins, A Y 1984. *Crisis and catharsis: The power of the Apocalypse*. Philadelphia: Fortress.

Collins, A Y1986(a). Vilification and selfdefinition in the Book of Revelation. *Harvard Theological Review* 79, 308-320.

Collins, A Y 1986(b). Reading the Book of Revelation in the Twentieth Century. *Interp 40*, 229-242.

Conzelmann, H 1964. *Die Mitte der Zeit. Studien zur Theologie des Lukas*. Tübingen: Mohr.

Du Rand, J A 1988. The imagery of the heavenly Jerusalem (Revelation 21:9-22:5). *Neotestamentica* 22, 65-86.

Du Rand, J A 1989. Theology in situation: Some contributive perspectives from the socio-historical situation, structure and functional language of the Apocalypse of John. *Acta Academica* 21, 100-112.

Du Rand, J A 1990a. *Johannese perspektiewe, deel 1: Inleiding tot die Johannese geskrifte*. Pretoria: Orion.

Du Rand, J A 1990b. A socio-psychological view of the effect of the language (parole) of the Apocalypse of John. *Neotestamentica* (1990)..

Elliot, J H 1981. *A home for the homeless. A sociological exegesis of 1 Peter, its situation and strategy*. Philadelphia: Fortress.

Feuillet, A 1959. Le Chapitre X de l'Apocalypse, son rapport dans la solution du problême eschatologique. *Sacra Pagina* xii-xvii, 414-429.

Gager, J 1975. *Kingdom and community: the social world of early Christianity*. Englewood Cliffs: Prentice Hall.

Groenewald, E P 1986. *Die Openbaring van Johannes*. Kaapstad: NGKU.

Hahn, F 1979. Zum Aufbau der Johannesoffenbarung, in Proffesoren der Phil-Theol. Hochschule Fulda. *Kirche und Bibel*, 145-154 (Fs E Schick). Paderborn.

Hemer, C J 1986. *The letters to the seven churches of Asia in their local setting*. Sheffield: JSOT-Press.

Holtz, T 1962. *Die Christologie der Apokalypse des Johannes*. Berlin: Akademie.

Jameson, F R 1982. The symbolic inference: on Kenneth Burke and ideological analysis, in White, H & Brose, M (eds.), *Representing Kenneth Burke*, 68-91. Baltimore: Johns Hopkins University Press.

Käsemann, E 1960. Die Anfänge christlicher Theologie. *ZTGK* 57, 162-185.

Käsemann, E 1962. Zum Thema der urchristlichen Apokalyptik. *ZTGK* 59, 257-284.

Koch, K 1970. *Ratlos vor der Apokalyptik*. Gütersloh: Mohn.

Kraft, H 1973. *Die Offenbarung des Johannes*. Tübingen: Mohr.

Kuhn, T S 1970. *The structure of scientific revolutions* 2nd ed. Chicago: University of Chicago.

Lambrecht, J 1980. A structuration of Revelation 4,1-22,5 in Lambrecht, J (ed.), *L'Apocalypse johannique et l'Apocalyptique dans le Nouveau Testament*, 77-104. Leuven: Leuven University Press.

Levi-Strauss, C 1967. The effectiveness of symbols. *Structural Anthropology*, 181-201.

Lohmeyer, E 1953. *Die Offenbarung des Johannes*. Tübingen: Mohr.

Lohse, E 1960. *Die Offenbarung des Johannes*. Göttingen: Vandenhoeck.

Malina, B J 1986. *Christian origins and cultural anthropology: practical models for biblical interpretation*. Atlanta: John Knox.

Martin. J P 1987. Toward a post-critical paradigm. *NTS* 33, 370-385.

Mazzaferri, F D 1989. *The genre of the Book of Revelation from a source-critical perspective*. Berlin/New York: De Gruyter.

McKim, D (ed) 1986. *A guide to contemporary hermeneutics: major trends in biblical interpretation*. Grand Rapids: Michigan.

Müller, U B 1984. *Die Offenbarung des Johannes*. Gütersloh: Gutersloher Verlagshaus.

Outler, A C 1985. Toward a postliberal hermeneutic. *ThTo* 42, 281-291.

Oxtoby, C 1964. *Wat is musiek*? Kaapstad: Tafelberg.

Porter, S E 1989. The language of the Apocalypse in recent discussion. *NTS* 35, 582-603.

Reti, R 1961. *The thematic process in music*. London: Faber.

Russell, D S 1978. *Apocalyptic: ancient and modern*. London: IVP.

Schmithals, W 1987. Der Konflik zwischen Kirche und Synagogue in neutestamentlicher Zeit, in Oeming, M & Graupner, A (Hrsg), *Altes Testament und christliche Verkündigung. Festschrift für A H J Gunneweg zum 65 Geburtstag*, 366-386. Stuttgart: Kohlhammer.

Schüssler-Fiorenza, E 1977. Composition and structure of the Book of Revelation. *CBQ* 39, 344-366.

Schüssler-Fiorenza, E. 1985. *The Book of Revelation: justice and judgment*. Philadelphia: Fortress.

Schüssler-Fiorenza, E 1986. The followers of the Lamb: visionary rhetoric and social-political situation. *Semeia* 36, 123-146.

Sweet, J 1979. *Revelation*. London: SCM.

Thompson, L 1986. A sociological analysis of the tribulation in the Apocalypse of John. *Semeia* 36, 147-174.

Van Schaik, A P 1971. *Die Openbaring van Johannes*. Romen: Roermond.

Vorster, W S 1984. The historical paradigm: Its possibilities and limitations. *Neotestamentica* 18, 104-123.

Vorster, W S 1986. Tekste met 'n apokaliptiese perspektief, in Deist, F & Vorster, W S (reds), *Woorde wat ver kom: die literatuur van die Ou Testament*, Deel 1, 158-176. Kaapstad: Tafelberg.

Vorster, W S 1987. Op weg na 'n post-kritiese Nuwe Testamentiese Wetenskap. *HTS* 43, 374-394.